

HOOFSTUK 14

Dankbaarheid

1. Goeie werke

1.1 Wat is goeie werke?

Goeie werke is vrugte van die geloof. Hulle is gerig op die eer van God, terwyl hulle gebonde is aan die wet van God – Matteus 7:5-12; HK, vr 91.

1.2 Jesus Christus vernuut ons deur die Heilige Gees tot sy ewebeeld, en dit maak dit vir ons moontlik om goeie werke te doen.

1.3 Ons doen goeie werke, sodat:

- God daardeur geprys word;
- ons van ons geloof uit die vrugte van die goeie werke verseker kan word; en
- ons deur ons Godsalige wandel ons naaste ook vir Christus kan wen – HK, vr. 86.

1.4 Dit beteken nie dat ons eers geloofsekerheid verkry wanneer daar vrugte op ons goeie werke is nie. Die geloofsekerheid berus op die belofte van die evangelie, want dit is in die verbond aan ons geskenk en in die doop aan ons verseël.

1.5 Wanneer ons goeie werke vrugte lewer, besef ons dat God deur sy Gees en Woord die geloof in ons harte werk en ons seën wanneer ons daarvolgens lewe.

2. Die gebed

2.1 Die vernaamste deel van die dankbaarheid is die gebed, want daarmee erken ons ons afhanklikheid aan die Here en bely ons die Here as God.

2.2 God gee sy genade en sy Heilige Gees alleen aan hulle wat Hom met hartlike sugte, sonder ophou daarom bid en daarvoor dank HK, Sondag 45, vr. 116.

2.3 'n Gebed wat God behaag, bevat die volgende elemente:

- Eerstens moet so 'n gebed die enige ware God van harte aanroep. Ons bid en smeeke alles van Hom af.
- Tweedens moet so 'n gebed die ootmoed van die bidder weergee. Hy moet sy sondes en sy ellendes besef en dit eerlik voor God bely. Hy moet ook besef dat hy voor God self staan, sodat hy nie valslik met leuens sy gebed inrig nie.
- Derdens moet die bidder in die ware geloof bid dat sy gebed sekerlik verhoor sal word. Die bidder se geloof moet so sterk wees dat, al besef hy sy swak toestand voor God, Hy ook die liefde en genade van God in Christus ken en weet dat die Here sy skuldbelydenis en smeekbede en verheerliking van God sal verhoor.
- Dis waarom die gebed gesluit word met die woord *Amen*, omdat *Amen* beteken: *dit is waar en seker/vas*.

3. Die wet – Tien Gebooie

3.1 Die Tien Gebooie is die reël van die dankbaarheid. In hierdie gebooie gee God sy verbondopdragte, naamlik wat ons moet doen en nie moet doen nie. Hierin word terselfdertyd ook ons swakheid weerspeël, want dit laat ons besef wat ons alles nie in staat is om te doen nie, maar wat Jesus vir ons volbring het.

3.2 Die Tien Gebooie word in twee tafels verdeel: Die eerste tafel gaan oor God en ons verhouding tot Hom, en die tweede tafel gaan oor ons naaste en ons verhouding tot ons naaste.

Die eerste tafel bevat vier gebooe:

1. Afgodsdiens
2. Erediens
3. Naam van God
4. Dag van God

Die tweede tafel bevat ses gebooe:

5. Gesag
6. Doodslag/lewe
7. Huwelik
8. Eiendom/besittings
9. Vals getuienis
10. Begeertes/hartstogte